Quo Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 16

(November 1962)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Hoe moet ons die Bybel lees?

As 'n liefdesbrief. Want God se Woord is nie maar een van die boeke op die rak wat alleen anders is deur ouderdom, verhewenheid en eerbiedwaardigheid nie. Dit het 'n radikale ander karakter. In dié boek verklaar God sy liefde in Jesus Christus aan ons. So wil die Bybel ook gelees word. Ons moet elke geskiedenis, elke betoog na ons eie lewe afbuig en ons afvra: wat bedoel die Afsender daar, wat vra Hy, wat beloof Hy? Dan is die Bybel geen historiese dokument aan die omtrek van ons lewe nie, maar die liefdesbrief op soek na ons harte.

As die Bybel vir u onbekend is, moet u nie by bladsy een begin nie. Begin met die Evangelie (bv. Markus), lees daarna die Handelinge. Dan kom enkele ou testamentiese gedeeltes aan die beurt: Genesis en Samuel en enkele Psalms. Lees nogeens 'n ander Evangelie (Johannes) en neem daarna enkele briewe: Éfese, Jakobus. Skaf in elk geval 'n goeie Bybelrooster aan.

H. C. Endedijk.

UIT MY HERINNER1NG

M O E D E R .

"Er hangt in mij een rafelige vlag
halfstok om het verband dat werd geslaakt.
Herinneringen zijn maar een teer rag;
Het valt uiteen als het word aangeraakt.
O, huis waarin mijn Moeder eeuwig leefde,
tijd toen mijn Vader nog onsterflijk was".

Donker.

Om my het die stadsnag stil geword — enkele ure van onrustige verposing voordat die wiele opnuut begin maal en strakke menigtes voorwaarts skuifel na 'n onsekere bestemming.

Die spyt oor nutteloosverkwiste jare dring my tot bepeinsing.

Woorde, inderhaas êrens gelees, wat voortleef in my gedagtes: "O huis waarin mijn Moeder eeuwig leefde ". Telkens, in 'n droom, sal die warmte van die kaggelvuur in die voorkamer my liggaam weer deurgloei en sal my vingers amper biddend oor die leunings van die ou russtoel gly.

Daar woon die beeld van my Moeder. En wanneer die roesemoes van gister my siel sat gelaat het, hang die rafelige vlag van verlange ook halfstok in my. Dan droom ek van die kalme vrede wat ek geken het toe ek langs haar gekniel het en stamelend aanbid het met woorde in my ingeplant uit die ryke skat van haar godsvrug. Agter my geslote ooglede neem haar beeld gestalte waar sy, nou in ouderdom geboë, nog moeisaam die woorde uitspel uit die Boek van haar vertroosting. O, Moeder! Ek het u lank vergeet; tog is u nog by my en sal u ewig leef in die huis van my herinnering.

Die kors van verbittering wat uit frustrasie in my gegroei het, breek voor die heimwee wat haar gedagtenis deur my laat huiwer . . .

Here, ek het opgeklim uit die valleie van my onbeholpenheid en gedwaal langs afgronde waar u stem nie gehoor word nie. Nou sluit die eensaamheid van die nanag my in en my gejaagde gees smag na rus.

Kan ek nou nog my nood voor U uitstort — al is dit dan ook stamelende?

O God, ek dank U dat die Moederbeeld in my onsterflik is en dat haar tere verbintenis my steeds anker in U genade.

S. van der Walt.

VAN WONDERS GEPRAAT...

Sê eerlik wat is vir u die **grootste wonder:**

Dat Joeri Gagarin met die Wostok 1 110 tot 188 myl bo die aarde 'n afstand van 26,000 myl in 1 uur 48 min. aflê teen 'n snelheid van 1 7,400 myl per uur	**OF**	dat Jesus Petrus opdrag gee om die hoek in te gooi en uit die bek van die eerste vis wat hy vang, 'n geldstuk te neem vir die tempelbelasting? (Matth. 17:24-27)
Televisie wat 'n beeld dwing in die trillinge van die lug	**OF**	Jesus wat voor 'n skare ooggetuies die reeds ontbindende lyk van Lasarus terugroep tot die lewe? (Johannes 11)
Die wapentuig wat 'n ontploffing van 50 megaton kan bewerkstellig,	**OF**	Jesus wat met een woord onmiddellik 'n vyeboom wat sonder vrugte was tot in die wortel laat verdroog? (Markus 11:12-20)
Die stereofoniese klanksukses	**OF**	die stem uit die hemel by Jesus se doop wat sê: "Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het". (Matth. 3:13-17)
Praat maar van radar, radio-beheer, elektroniese masjiene, fantastiese ingenieurskonstruksies	**OF**	Ek noem u 5,000 ooggetuies wat gevoed is met vyf brode en twee vissies en twaalf mandjies gevul met stukke brood het nog oorgeskiet (Johannes 6:1-14)

Jesus het waarlik **wonders** gedoen. Alles wat Hy gedoen het, was bonatuurlik, wetenskaplik onverklaarbaar en aangrypend wonderlik. Die "wonders" van vandag is tegniese prestasies, moeisaam en noukeurig opgebou uit staal en klank, atoom en elektron. Jesus openbaar in sy wonders almag teenoor die mag van mense in ons "wonders" van vandag.

U moet sy wonders erken. Dit was net so konkreet sigbaar soos die letters op hierdie papier. Groot skares het dit gesien. Sy wonders is **geskiedenis.** U aanvaar tog op historiese gesag talle gebeurtenisse van die verlede — waarom wil u dan twyfel aan die historiese gesag van Jesus se wonderwerke?

Hy wou geen Mirakelman wees wat met wonders die mens van sy tyd vermaak nie. Hierdie wonders is **tekens** vir alle mense dat Hy die Seun van God is. Dit was sigbare bevestigings van sy Persoon en boodskap om ook vir u te oortuig van die waarheid.

Daar is **twee moontlike reaksies** by

mense as die wonders van die Bybel ter sprake kom. Die een neem **aanstoot** daaraan en begeer die **uitskakeling** van die wonderkarakter van ons evangelie, omdat dit 'n primitiwiteit en onontwikkelde bygelowigheid in die Christelike godsdiens verraai. Die ander begeer die **voortsetting** van die wonders, want as hulle weer so-iets kon sien, sou dit hulle oortuig,

As u by die eerste groep hoort, wil ons u uitdaag om al die Bybelse wonders te verklaar. U moet verstaan dat die **aanstoot aan die wonders intellektuele weerstand** is, en die godsdiens gaan tog bo die verstand uit. By die wonder **staan of val ons,** want as ons u tegemoetkom en die dinge maar skrap, ontneem ons die Bybel een van sy sterkste bewyse en kanselleer ons die bowêreldse karakter van ons godsdiens. Die aanstoot aan die wonders kom op uit 'n hart wat God wil bestry — hulle wil nie 'n wonderlike God hê nie, maar 'n God wat hulle self gemaak het en wat beheers kan word deur hulle logika en insig.

As u eis is: "'n **Wonder nou en ek sal glo.'"** *is* u 'n persoon wat **moeilik versadig** raak. U het mos meer as 100 wonders in die Bybel om u te oortuig. Buitendien weier Jesus die geroep na tekens, want van Moses en die profete se dae was hulle daar! Hy het gewerk in **verskillende bedelinge** en nou is die tyd van die wonders verby. "Salig is hulle wat nie gesien het nie en tog glo" sê Hy aan Thomas. Veronderstel die mense by die werk eis dat u elke môre aan almal u identifikasie-kaart moet toon voordat hulle glo dat u Piet Marais is — u sal dink hulle is idiote! Die wonders was Jesus se identiteitsbewys. Hy het dit drie jaar lank aan duisende getoon. Wat 'n belediging dat ons nou nog eis dat Hy Homself aan my persoonlik moet bewys.

Die wonders wil u oortuig!

Intussen leef u in 'n wêreld wat oorstraal word met die wonder van God se roepende genade. Verbaas u aan sy ontferming en majesteitlike liefde.

Die God, wonderliker as die uitdyende heelal, buig in sy Woord en Gees neer oor u.

Hy wat die onmeetlike ruimtes vul, is ook in u klein kamertjie om u te stel voor *die* feit dat Hy in Jesus Christus sy vyande tot kinders wil maak.

Verwonder u.

U bekering tot Hom sal ook 'n wonder wees van sy genade.

W. J. de Klerk.

'N GETUIENIS

Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe —
en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is — wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus. En ons skrywe hierdie dinge aan julle, sodat julle blydskap volkome kan wees.

Die Apostel Johannes (1 Joh. 7:1-4)

Lastige Vrae en Lastiger Antwoorde

Lastig — hinderlik, ongemaklik, moeitegewend. Ons hoop u vind hierdie vrae en antwoorde so.

1. *Wie het u gedoop?*

1. Dis nie so erg dat u vergeet het watter dominee u gedoop het en in watter kerk u gedoop is nie. Maar dat u vergeet het dat God u gedoop het, is skokkend. In die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees is daar in die doop met u 'n verbond opgerig waarin God sekere dinge belowe en sekere dinge eis. Die belofte vir u, op u naam is: die saligheid en sondevergiffenis. Die eis vir u op u naam is: geloof en bekering. Hierdie verbond is nog in u lewe van krag en u gedoopte voorhoof sal u oordeel verswaar. Of u wil of nie — u staan onder "kontrak" wat van u afgeëis sal word.

2. *Is u 'n oneerlike bedrieër?*

2. Ek dink u is een van die grootste skelms in ons samelewing want u misdaad is groot. U het God bedrieg. Daar was 'n moment in u lewe toe u op die volgende vrae ja gesê het:
Glo en bely u die Bybel en die leer daarop gegrond as waarheid ?
Is dit u voorneme om in dié leer te volhard en die Here lief te hê?
Sal u die wêreld versaak, u oue natuur kruisig en godsalig lewe?
Is dit u voorneme om ywerig die eredienste by te woon?
Sal u u onderwerp aan die kerklike tug?
Dis die vrae van u belydenisaflegging (miskien het hulle toe gepraat van aanneme) .
En nou? Oneerlik? Nee sterker — dis openlike Gods-verwerping!

3. *Waar lê u "assestaat" op die oomblik?*

3. Miskien in die naamlys van die skriba van die kerk op Nietgedacht. U is nou al tien jaar daar weg. Sal daardie "assestaat" u help? Is dit 'n paspoort na die hemel? Nee wat, hulle kan u naam maar skrap. Maar die Here skrap nie somaar iemand nie. Hy oordeel eers by die laaste oordeel, en dan word jy weggewerp in die verdoemenis.

4. *Hoe lank gaan u nog lewe?*

4. Wie sou kon sê? Dit gaan maar vinnig deesdae! Ek wens ek kon vir u sê dat u nooit sal sterwe nie! Ja, daar is mense wat nie eintlik doodgaan nie, want hy wat die wil van God doen, bly vir ewig.

5. *Sal al u begeertes vervul word?*

5. Ek hoop so! Maar ek ken iemand wat één groot begeerte nie vervul gekry het nie. Sy naam is Esau die hoereerder en onheilige. "Want julle weet dat hy, toe hy ook later die seën wou beërwe, verwerp is, want hy het geen geleentheid vir berou gevind nie, al het hy dit met trane vurig begeer" (Hebr. 12:16, 17) Daar is 'n berou wat te laat is.

6. Wat is u opvatting van iemand wat vis nog vlees is?

6. Dalk vind u so iemand interessant. Jesus vind so iemand walglik. "Omdat *jy* lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug." (Openbaringe 3:16).

Ag meneer . . . dit was vir my swaar om so hard met u te praat. Ek is opreg bekommerd oor u! Dis maar net 'n spieël wat ek u voorhou — werklik u lyk soos die vrae en antwoorde wat u beskrywe het .

Sal u nie u doop verantwoordelik en dankbaar aanvaar nie?

Is dit nie tyd om weer by die groot ja van u lewe aan te knoop nie?

Gaan gesels tog asb. met 'n dominee — sonder attestaat!

Nou is genadetyd. Draai om na die Here toe!

Wie op die regte tyd kom, sal gehelp word.

Het ek reg gehoor — u sê: NEE!

O onverstandige . . . vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God.

W. J. de Klerk.

Is u 'n Hartlyer?

Mediese statistieke toon aan dat die meeste mense aan hul harte sterf. Kroonaarverstopping, bloedklonte, hartkrampe, rumatiekhart en soveel ander aandoeninge van hierdie sentrale lewensorgaan eis daagliks hul slagoffers uit ons samelewing. Met 'n vae onrus in jou gemoed loop 'n mens en wonder: wanneer kom ek aan die beurt? Ondertussen is die mediese wetenskap rusteloos besig met navorsing in verband met die moontlike oorsake van en geneesmiddele vir hierdie verraderlike kompleks van kwale — tot dusver sonder veel sukses.

Daar is veral een soort hartkwaal waaraan meer mense ly as wat ons vermoed. Die gevaar van hierdie siekte is dat jy hom jarelank al het sonder dat jy daar bewus van is. En as hy nie gestuit word nie, is sy gevolge in honderd persent van die gevalle noodlottig.

Dit is die kwaal van die gedeelde hart.

Dis nie 'n fisiese siekte nie. Dis suiwer geestelik.

Is u seker dat u nie daaraan ly nie? Ek is nie.

'n Klassieke voorbeeld.

In die Bybel het ons 'n klassieke voorbeeld van die gedeelde hart.

Daar was 'n man wat waarskynlik aangegryp is deur Jesus se prediking, sy wonderwerke, sy persoonlikheid. Hoe wonderlik moet dit nie wees om 'n voltydse volgeling van hierdie Meester te wees nie! Maar 'n mens het ook maar jou probleme — daar is sy huis, sy vrou en **Wetenskaplike navorsing kon nog nie daarin slaag om hartkwale uit te skakel nie.**

kinders, sy besittings.

En toe oorwin die begeerte en kom dit plotseling prontuit oor sy lippe: "Here, ek sal U volg" (Luk. 9:61).

Daar is dit uit!

Maar, dit klink darem so finaal.

En toe voeg hy daar gou 'n voorbehoud *hy:* "Laat *my net toe om eers my* familie te groet" (Luk. 9:61).

So ja, nou is hy darem veilig.

Hy het Jesus onder die indruk van sy goeie voornemens gebring, en terselfdertyd het hy vir homself die reg voorbehou om terug te gaan huis toe.

Slim nè?

Maar dink u dat Jesus daar nie deur sien nie?

Die hand aan die ploeg.

"Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die koninkryk van God nie" (Luk. 9 : 62). Dit is wat Jesus vir hom sê. Die van ons wat nog op die plaas groot geword het, weet wat dit beteken. In Palestina is daar met 'n ou klein eenvoor-houtploegie geploeg. Om die ploegie reguit en diep in die harde grond te laat loop, het al jou aandag vereis. As die ploeër die hele tyd loop en omkyk na iets aan sy rugkant wat hom interesseer, sal hy sy hele land vol banke ploeë. Hy sal teen klippe en agtergeblewe boomstompe vasploeg. Sy osse sal gou agterkom dat sy aandag nie by sy werk is nie en gaan staan. Wie so

ploeë, moet liewer ophou.

Wie Jesus wil dien, moet dit met sy hele hart doen - of glad nie. Jesus vra ons oorgawe. 'n Gedeelde hart wil Hy nie hê nie.

Die geneesmiddel.

Ontken u nog dat u aan 'n gedeelde hart ly?

Ek ontken dit nie meer nie.

En ek weet dat geen kind van die Here dit sal ontken nie.

Maar ek weet ook dat net Jesus deur sy Heilige Gees 'n mens van hierdie dodelikste van alle hartkwale kan genees.

Maar Hy wil hê dat ons sy Vader daarom elke dag sal bid:

Leer my na u wil te handel, 'k sal dan in u waarheid wandel; neig my hart en voeg dit saam tot die vrese van u Naam. HEER, ek hef my hart na bowe, nuwe sangstem sal u lowe, nuwe dank sal voor U rys — 'k sal u Naam vir ewig prys.

Psalm 86:6.

P. W. B.

GEBED

Jesus Christus, my verlange en my liefde, neig u oor tot my. Ek roep U aan. Ek het U lief. Wees U in al my gedagtes en poginge. Laat u lig my deurskyn sodat ek onder u leiding steeds meer gevorm word om U te sien en U te ken soos U my ken. Salig is die wat rein van hart is want hulle sal God sien. Daarom bid ek U, Here, gee my ootmoed ter wille van u barmhartigheid. Help my om my eie-ek te kruisig. Bevry my uit die boeie van die wêreld. Help my om die verganklike dinge te vergeet. Giet in my die liefde tot U, 'n liefde sterk soos die dood. Wek in my 'n bron wat opspring tot in die ewige lewe. Laat my ingaan in u vreugde, sodat ek niks meer vrees nie. Lei my. sodat niks my ontbreek nie, en voer my deur alle donkerhede na u wonderbare lig.

Amen.

Augustinus.

EK MOES NIE GETROU HET NIE

Ek groet u in die Naam van Hom wat ons roep dat almal wat vermoeid en belas is, na Hom moet kom. Ek staan dus in hierdie brief onmiddellik voor u met die goeie boodskap dat Jesus Christus ons uit elke probleem uithelp as ons maar net in gehoorsaamheid aan Hom ons sondes bestry en volgens sy Woord wil lewe.

Op uitnodiging het ek gaan luister na julle probleem — Dit is 'n alledaagse probleem van baie mense wat ek so sal opsom:

1. Die gejaagde lewe waardeur daar min tyd is vir ware huislike en liefdeslewe — Die probleem van die uithuisigheid van die man.
2. Die gevolg hiervan: Spanning; irritasie; rusie; misverstand.
3. En in die geestelike lewe: Geen huisgodsdiens; gebrek aan kontak met die Here; gebedsverskraling; verswakte kerkbesoek.

Ek hoop dat ek in die drie punte die kern van julle probleem raakgevat het.

Die troos is:

Daar is só baie mense waarvan ek weet wat met hierdie probleme worstel — Dit is die krampe van die huwelik en die vrugte van 'n gejaagde lewe.

Die gevaar is:

Dat wat nou onbeduidend lyk, groot en onkeerbaar kan word.

Ons moet die gevare van die **tong** nie

onderskat nie --- Lees gerus Jakobus 3

(Ek noem dit spesiaal omdat ek die indruk kry dat julle nogal skerp en onbeheersde dinge heen en weer kan sê).

Ons moet die teerheid van die huwelik nie ru hanteer nie.

Ons moet die verbond nie verloën nie— julle is mos gedoop.

As jou huwelik te veel in stormwaters is, loop dit onverwags gou op die rotse.

As jou kindskap van God te ver van Hom afdwaal, verdwaal jy in die sondestruikgewas.

Ek waarsku dus dat julle julle situasie nie lig moet opvat en meen dat dit nié so erg is nie — Ek dink die geel lig het aangeslaan — Goddank dis nie die rooi lig nie!

WAT MOET ONS DOEN?

punt 1 van die probleem:

Lees Lukas 9:25. Daar moet balans wees en julle moet saam besluit dat julle lewe meer op **mekaar** ingestel moet wees. Dit wil nie sê dat Japie elke aand met sy hande op sy skoot tuis moet sit nie — Dit is mooi as 'n mens inisiatief aan die dag wil lê om vooruit te kom — maar as julle nie tyd meer het vir die dieper waardes van die lewe nie; as julle nie meer God se Woord kan lees en saam kan kuier in mekaar se teenwoordigheid nie, dan gaan daar iets dood in 'n mens.

Ek dink 'n mens moet hier beplan en vas besluit dat twee of meer aande 'n week die

"huweliksaande" is om dit so te noem. Dan vind julle mekaar en beoefen julle julle eenheid. Dan gesels julle somaar rustig saam. Só word die liefde gevoed en dit is verbasend watter krag 'n mens put as jy geleer het om "geestelik" bymekaar te wees.

punt 2 van die probleem:

"Selfbeheersing" is hier die woord.

Ons moet aanvaar dat ons mekaar sal irriteer en sal misverstaan. Julle is nie twee engeltjies nie, maar julle en ons almal is duiwelse mense solank die sonde oor ons heers.

Die vrou wat teen haar man tekere gaan, doen sonde.

Die man wat sy vrou minag en sy humeur loslaat, is 'n sondige swakkeling.

Ons moet leer om waaragtig te **vergewe** en te **verdra.**

Ek vra julle om te lees:

Spreuke 14:29, 30. Jakobus 1:19-22. Filippense 2:2-4.

punt 3 van die probleem:

Hier wil ek, vir julle eie behoud, ernstig vra vir 'n **algehele omkering.**

Sonder die gereelde Woordbediening verval mens so maklik in gewoontegodsdiens. En gewoontegodsdiens is soutloos.

Dan vervaag Christus vir 'n mens en jy mis die bewuste krag van God.

Dan word die Here 'n onpersoonlike God vir jou. Jou gebede word rympies en jou sondestryd word lui en amateuragtig. Dit is dan dat jy voel God is weg . . omdat jyself geleidelik, amper ongemerk, weggedryf het soos iemand wat op 'n branderkussing lê en stadig weggetrek word — die oopsee in. Vir hom word die mense op die strand al hoe kleiner — só word God al hoe kleiner vir iemand wat nie **gereeld** met Hom omgaan in kerkbesoek en huisgodsdiens nie.

Liewe vriende — Dit vra net één besluit, somaar nou: "Ons gaan **elke aand** Bybel lees — Ons gaan **elke Sondag** kerk toe."

Ek waarborg julle dat Christus Hom dan op so 'n manier aan julle sal openbaar dat dit iets sal wees om werklik opgewonde oor te raak.

Skryf maar weer as dinge nie regkom nie.

Groete,

Dominee X wat julle getrou het.

DIE LIEFDE.

Die liefde is lankmoedig en vriendelik.
Die liefde is nie jaloers nie.
Die liefde praat nie groot nie.
Is nie opgeblase nie.
Handel nie onwelvoeglik nie.
Soek nie sy eie belang nie.
Word nie verbitterd nie.
Reken die kwaad nie toe nie. 1 Kor. 13:4, 5.